
# Randjienuus

## 15 Mei 2026

## DERBY 2026

Die groot derby is hier – en ons nooi al ons ouers, leerders en alumni om weer deel van die Randburg-gees te wees! Randburg teen Linden. Kom sluit vir ’n dag vol trots, herinneringe en topklas rugby langs die veld by ons aan. Daar is niks soos ’n derby om oud en jonk weer saam te bring nie!

**Bring jou vriende, jou familie en jou ou spanmaats – kom wys dat Randburg se gees vir altyd leef!**



# DERBY-SPORTPROGRAMME

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

## NETBAL

### LIGAWEDSTRYD

VOLHARD
HSL

**21 MEI 2026**

HOËRSKOOL RANDBURG VS HOËRSKOOL LINDEN

### NETBAL

**DONDERDAG 21 MEI**

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 14:30 | o.17 A | o.15 B | o.14 A | o.14 C |
| 15:05 | o.16 A | o.15 A | o.15 C | o.14 B |
| 15:40 | Tweede span | o.16 B | o.14 D | – |
| 16:15 | Eerste span | – | – | – |

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

## HOKKIE

### LIGAWEDSTRYD

VOLHARD
HSL

**22 - 23 MEI 2026**

HOËRSKOOL RANDBURG VS HOËRSKOOL LINDEN

### VRYDAG 22 MEI 2026

| TYD | SPAN | PLEK |
|---|---|---|
| 12:00 | o.14 A (SEUNS) | Hoërskool Randburg Astro |
| 13:00 | o.14 A (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 14:00 | o.15 A (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 15:00 | o.16 A (SEUNS) | Hoërskool Randburg Astro |
| 16:15 | o.16 A (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 17:30 | Eerste span (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 18:45 | Eerste span (SEUNS) | Hoërskool Randburg Astro |

### SATERDAG 23 MEI 2026

| TYD | SPAN | PLEK |
|---|---|---|
| 08:00 | o.15 B (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 08:50 | Tweede span (MEISIES) | Hoërskool Randburg Astro |
| 09:40 | Tweede span (SEUNS) | Hoërskool Randburg Astro |

HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

## RUGBY

### DERBY

VOLHARD
HSL

HOËRSKOOL RANDBURG VS HOËRSKOOL LINDEN

**23 MEI 2026**

### RUGBY

**A-VELD**

| TYD: | |
|---|---|
| 08:00 | Tweede span |
| 09:10 | o.14 A |
| 10:20 | o.15 A |
| 11:30 | o.16 A |
| 13:00 | Eerste span |

**B-VELD**

| TYD: | |
|---|---|
| 08:00 | o.15 B |
| 09:10 | Derde span |
| 10:20 | o.14 B |



# BLOEDSKENKDAG

Welgedaan, Randjies, op nog 'n suksesvolle bloedskenkdag. Op 7 Mei het die tyd ons Randjies se entoesiasme ingehaal. Dankie aan elke Randjie wat bloed geskenk het, asook aan Randjies wat nog wou skenk, maar nie tyd gekry het nie. So 'n groot belangstelling getuig van julle bereidwilligheid om ander te help. Ons sal later die jaar 'n geleentheid gee om weer te skenk.




# KULTUUR

## ATKV APPLOUS

Ons skool het op 12 Mei die **ATKV Applous-streeksuitdunne** aangebied. Altesaam 28 kore het aan die kompetisie deelgeneem.

Dit is die derde jaar wat ons hierdie besondere geleentheid aanbied en ons skool het talle komplimente uit verskeie oorde ontvang.

Baie dankie aan elke personeellid, leerder en ondersteuner wat gehelp het om die dag so suksesvol te maak!



# RANDJIE KOORFEES

Ons **koor** het op 22 April ons jaarlikse **Randjie Koorfees** aangebied – en wat ’n dawerende sukses was dit nie! Met bykans 1200 mense wat die aand bygewoon het, was die atmosfeer werklik besonders. Skole wat saam met ons die aand geniet het, sluit Laerskool Unika, Laerskool Kenmare, Laerskool Helderkruin en die Transoranje Skool vir Dowes in. Dit was ’n baie spesiale geleentheid en Transoranje het met hul optrede die gehoor se hartsnare diep geraak. Ons is ongelooflik trots op elke Randjie wat deel was van die aand en dit so uitsonderlik gemaak het. Baie dankie aan almal wat tot die sukses van hierdie onvergeetlike geleentheid bygedra het!



# DEBAT

Ons debatleerders het op 21 en 22 April aan die eerste uitdunronde van die ATKV Debatkompetisie by Helpmekaar Kollege deelgeneem. Elke span het hul uitmuntend van hul taak gekwyt. Welgedaan, Randjies, julle maak ons trots!




# VOORTREKKERS

Klipfontein, Weltevrede en Unika **Voortrekkers** het op 25 en 26 April by Piesangkloof gaan kamp. Die Verkenners was **Linda vd Walt en Jan-Johan van Aswegen (gr. 11 - Unika), Lize-Marie Raubenheimer, Chanita Kruger en Stefan vd Walt (gr. 9 – Klipfontein), Jacques vd Berg, Bernard Burger en Ethan Brown (gr. 8 – Klipfontein) en Caylee Lipnicki, Lia Edwards & Annika Saaiman (gr. 8 – Weltevrede)**. Geen elektrisiteit, jou tent langs die waterstroom en goeie geselskap – dis die lewe. Almal het gehelp om aandete te maak. Lekker braaibrood en braaivleis. Stefan vd Walt het die vuur gemaak met "flint" en "Vaseline". Die Verkenners het ook geleer van berge en saam met die klim van die Magaliesberg, hulle Berge Spesialisasie voltooi.



Die Verkenners het Saterdagmiddag in die kloof gaan stap – 3.6 km.  Sondagoggend het hulle die berg aangedurf – 8km, met vertikale styging en daling van 458 m.  Die weer was fantasties – met sonskyn aan die een kant en digte mis aan die ander kant.  Die kamp is met 'n heerlike middagete afgesluit.







Klipfontein Kommando is trots op hul Hoërskool Randburg-leerders wat die afgelope vakansie verskeie kampe en kursusse met sukses voltooi het. Hulle het nie net nuwe vaardighede aangeleer nie, maar ook hul plekke as staatmakers in hul onderskeie spanne volgestaan.

- Bittereinders-kursus (Thaba): Baie geluk aan **Stefan van der Walt, Alexander Schalkwyk en Ruben de Kock (almal gr. 9)** wat die strawwe Bittereinders-kursus voltooi het. Hulle het ook die kentekens vir Veldvernuf en Makkerhulp verwerf.
- Fotografie (Rhus Keeti Verkenner Veldwerkkamp): **Chanita Kruger (gr. 9)** het haar kreatiewe kant ontdek en die fotografie-kursus suksesvol by Rhus Keeti Verkenner Veldwerkkamp voltooi.
- Sentraal Penkop en Drawwertjie Waterwerkkamp: **Jacques van der Berg en Bernard Burger (gr. 8)** het as matrose diens gedoen. Dit is prysenswaardig om te sien hoe ons jong Verkenners reeds verantwoordelikheid aanvaar en by sulke kampe help.



# AKADEMIE

## FISIESE WETENSKAP

Ons graad 12 Fisiese Wetenskap leerders het behoorlik hande vuil gemaak (en die klas heerlik laat ruik!) tydens ’n prakties oor esters. Esters is verbindings wat bekend is vir hul soet, vrugtige geure – dis hoekom hulle dikwels in parfuum, kosgeursels en selfs lekkergoed gebruik word!



Ons leerders het self hierdie reaksies uitgevoer en eerstehands ervaar hoe Wetenskap nie net op papier gebeur nie, maar regtig gesien, geruik en beleef kan word. Van piesangagtige tot gomagtige geure het die klas gevul – ’n ware sintuiglike ervaring! Ons is ongelooflik trots op hulle nuuskierigheid, entoesiasme en praktiese vaardighede.



## ADMATHS

Ruan, baie geluk met jou uitstekende prestasie om as een van die top 10-presteerders in *Admaths* aangewys te word! Hierdie prestasie is iets om baie trots op te wees en dien as inspirasie vir ander leerders.




**ADMATHS GR.12 TOP 10 PRESTEERDERS KWARTAAL 1 2026**

| Position<br>Posisie | Name and Surname<br>Naam en Van | School<br>Skool | % |
|---|---|---|---|
| 1 | Clarice Pieterse | Collegiate Girls' H/S | 100 |
| 1 | Ruben Meister | Secunda H/S | 100 |
| 1 | Jaco Steenkamp | Noordheuwel H/S | 100 |
| 1 | Andro Louw | Paarl HJS | 100 |
| 1 | Lara van Niekerk (29680) | Bloemhof HMS | 100 |
| 1 | Siphosenkosi Mtolo | Kwantebeni Comprehensive High School | 100 |
| 7 | Francois Mouton | Paul Roos Gimnasium | 99 |
| 7 | Shaqeel Petersen-Bizaare | Proteahoogte Akademie | 99 |
| 7 | Manav Revaprasadu | Empangeni H/S | 99 |
| 10 | Schalk du Toit | Paul Roos Gimnasium | 98 |
| 10 | Daniël Murray | Stellenberg H/S | 98 |
| 10 | Ruan Visser | Randburg H/S | 98 |
| 10 | Liam Du Toit | Eduplex School | 98 |
| 10 | Paul Van Heerden | Framesby H/S | 98 |
| 10 | Juan Kotze | Paul Roos Gimnasium | 98 |
| 10 | Ethan Clayton | Global Leadership Academy | 98 |

adMaths
Have the edge at university

Accredited by SWISS EDUGLOBE trust

**Your worked hard. We are proud of you.**

## FIETSRY

**Evan Naudé (gr. 10)** het op 25 en 26 April aan die *XCC SA Cup* en *XCO SA Cup* by Thaba Trails in die *Youth Men* kategorie deelgeneem. Hy het 'n vierde plek in die *XCC* behaal en 'n uitstekende derde plek in die *XCO*. **Baie geluk, Evan!**







**Reinhardt Strydom (gr. 11)** het op 26 April een van Suid-Afrika se mees ikoniese eendag-bergfietswedrenne deelgeneem, naamlik die *Sabie Classic*. Alle seuns onder 19 het in die uitdagende 40km halfmarathon-afdeling meegeding. Met 'n totale hoogtewins van 800 meter oor die 40 km-roete, moes deelnemers moeilike terrein trotseer met die ekstra uitdaging van baie nat en modderige toestande ná swaar reën wat die afgelope week in Sabie geval het. Reinhardt het uitstekend gevaar en 'n eerste plek in die Junior Seuns-afdeling behaal. Die *Sabie Classic* is een van die hoogtepunte op Suid-Afrika se bergfietskalender en dit maak ons trots om een van Randburg se bergfietsryers op die podium van die wedren te sien.









**Ons twee fietsrykapteine, Kirstin Roos (gr. 10) en Erik Breedt (gr. 12)**, het die jaarlikse *Cycle Lab*-kapteinsaand bygewoon, by *Cycle Lab* Lynnwood en hul kapteinsarmbande ontvang. Baie geluk aan ons twee kapteine! Ons is trots op julle en sien uit na 'n uitstekende seisoen onder julle leiding. Erik is ook op die verhoog vir 'n kort onderhoud genooi, waar hy gedeel het hoe die *Cycle Lab*-reeks – wat begin het toe hierdie jaar se matrieks nog in graad 8 was – hulle as fietsryers help groei en ontwikkel het.







Op Saterdag, 9 Mei het die *Cycle Lab*-skolereeks by die tegniese roete van HTS John Vorster afgeskop. Ons het **15 leerders** gehad wat deur die dag ons skool se naam met puik deursettingsvermoë, spanwerk en sportmangees hoog gehou het.







Ons is ook besonder trots op **ons nuwelinge en graad 8's** wat reeds help om die skoolspan te laat groei en hulleself uitstekend van hul taak kwyt. Julle entoesiasme en harde werk beloof groot dinge vir die toekoms!

Baie geluk aan al ons fietsryers met 'n sterk begin van die seisoen!

## SKUTS

GSSU Liga 2 is van 24 tot 25 April by Hoërskool Florida Skietbaan geskiet. Ons skuts het uiters goed geskiet en ons is baie trots. **Resultate:**

**Pistool o.21**
1 Chantal van der Bank
4 Paul Fitzpatrick
**Pistool o.16**
6 Chenicha van den Berg
**Pistool o.14**
3 Lia Edwards
**Presisie**
1 Annabelle Kirstein
**Sporter o.21**
3. Ettienne van der Merwe
6 Kyle Fölscher
11 Janco Snyman
**Sporter o.16**
7 Neil Knoesen
9 Karien Botha
12 Liane Alberts
21 Waldo Du Plessis
**Sporter o.14**
6 Vaugh Botes
9 Katinka Mulder



Die 2026 Egoli Ope is vanaf 8 tot 9 Mei 2026 by die Hoërskool Florida Skietbaan aangebied. Altesaam 140 skuts van verskeie provinsies het aan die kompetisie deelgeneem. Ons is ongelooflik trots op ons skuts se uitstekende prestasie. **Resultate:**

**Pistool o. 21**
1 Chantal van der Bank
**10m Sportskiet vir Pistole o. 21**
1 Chantal van der Bank
**Sporter o. 21**
Etienne van der Merwe
Kyle Fölscher
**Sporter o. 16**
Liane Alberts
Neil Knoesen
Karien Botha
Reuben Pelzer
Waldo du Plessis
**Sporter o. 14**
Vaughn Botes
Annika Saaiman
Katinka Mulder
**Presisie o. 16**
1 Annabelle Kirstein





# ATLETIEK

**SA Skole-atletiekkampioenskappe -** Wat 'n ongelooflike prestasie deur ons **atlete**! Baie geluk aan elkeen wat tot die finaal deurgedring het – julle het met trots en deursettingsvermoë deelgeneem.

- **Nardus Breedt (gr. 9)** behaal 'n 22ste plek in die 3000 m (o. 15).
- **Chanél le Roux (gr.10)** eindig sesde in hoogspring (o. 17), terwyl **Gustaf de Lange (gr. 11)** 'n sterk vyfde plek in dieselfde item (o. 17) behaal.
- **Megan Kleynhans (gr. 10)** wys haar veelsydigheid met 'n vierde plek in die 1500 m en 'n vyfde plek in die 800 m (o. 17).
- 'n Spesiale woord van geluk aan **Zuan Schoeman (gr. 12)** wat gelyk eerste geëindig het in die o. 19 hoogspring. Dit is 'n uitstaande prestasie om as SA Skolekampioen gekroon te word. Ons is ongelooflik trots op jou! **Welgedaan aan elke atleet – julle is 'n inspirasie!**



# RUITERSPORT

**Mareli Wassermann (gr. 12)** en ***Bluemoonrising*** het op 25 April die koue en nat weer by die derde kwalifiserende rondte van SANESA by Gauteng-Wes streek te Maple Ridge gaan trotseer. *Bluemoonrising* het net voor hul klas besluit die modder lyk te heerlik en 'n halwe rol daarin gemaak, saal en al.



Eerste plek - *Dressage Freestyle – Prelim*
Eerste plek - *Prix Caprilli – Beginner(a)*
Agtste plek - *H1SJCL70cm OtherHr*
Tiende plek - *H1SJCL70cm CompetitionHr*





**BAIE GELUK, MARELI EN *BLUEMOONRISING*!**

## BLUEMOONRISING

**BAIE GELUK, JANA, *KINGS FORT* EN *AFRICAN SUNRISE*!**

## KINGS FORT EN AFRICAN SUNRISE







**Jana Hartzenberg (gr. 12)** het die naweek van 9 tot 10 Mei by die derde kwalifiserende rondte van SANESA, Johannesburg streek te Eaton Farm met haar pragtige ***Kings Fort*** **en nuweling *African sunrise*** deelgeneem.

Eerste plek - *In-hand utility level 1 H1InUCL.All*

Agtste plek - *Working Riding level 1 H1WRCL.All*

Tiende plek - *Dressage Prelim H1DRCLaHr*

Elfde plek - *Dressage Prelim H1DRCLbHr*

# NETBALPROEWE

Hoërskool Randburg spog met **25 netbaldogters**, die meeste nog wat na die interdistrik-proewe deurgedring het. Ons is ongelooflik trots op julle harde werk en toewyding.

**o. 14:** Ruach Brits, Annebelle Schutte, Cari Passano, Layla Masson
**o. 15:** Charné Garbers, Olivia Hall, Leigh Mari van Tonder, Heidi Ferreira, Hailey Ferreira, Sonika Holder
**o. 16:** Mieke Kachelhoffer, Anya van Aswegen , Imcke Nel, Lizey van Pletzen, Eldené Viljoen
**o. 17:** Lee-Anay Louw, Tasha van Zyl, Lucia Cardoso, Annika van Helden
**o. 18:** Isabella Opperman, Isabella Murison, Nicolette Vorster, Jade Müller, Lara Boshoff, Jessica Jansen van Rensburg




Tweede rondte - **21 netbaldogters** dring deur na die JOMO-netbalproewe

**o. 14:** Ruach Brits, Cari Passano, Layla Masson
**o. 15:** Charné Garbers, Leigh Mari van Tonder, Heidi Ferreira, Hailey Ferreira, Sonika Holder
**o. 16:** Anya van Aswegen, Imcke Nel, Lizey van Pletzen
**o. 17:** Lee-Anay Louw
Tasha van Zyl
Lucia Cardoso
Annika van Helden
**o. 18:** Isabella Opperman
Isabella Murison
Nicolette Vorster
Jade Müller
Lara Boshoff,
Jessica Jansen van Rensburg

well done!



Baie geluk met die volgende tien netbaldogters wat na die finale rondte van die Gauteng-proewe deurgedring het, wat op 27 April plaasgevind het:




**o.14**
- Ruach Brits
- Cari Passano
- Layla Masson

**o.15**
- Heidi Ferreira
- Leigh Mari van Tonder
- Sonika Holder

**o.16**
- Imcke Nel
- Anya van Aswegen

**o.17**
- Lucia Cardoso

**o.18**
- Jessica Jansen van Rensburg

Baie geluk aan **Ruach Brits (gr. 8)**, o.14 en **Leigh-Mari van Tonder en Heidi Ferreira (albei gr. 9)**, o.15, wat hul provinsiale kleure vir netbal verwerf en by die Gauteng netbalspanne ingesluit is. **Juffrou Katy Ndlovu** is ook as o.18 Gauteng-spanskeidsregter aangestel en afrigter, **Marlene Erwin**, as *LOC (Local Organiser Committee)*.



# NETBAL-LIGAWEDSTRYDE

**Hoërskool Florida -** Dit was 'n koue en nat dag op die netbalbaan, maar ons spanne het steeds uitgeblink. Baie geluk aan al 14 van ons spanne wat tydens ons ligawedstryde oorwinnings teen Hoërskool Florida behaal het. Julle harde werk en deursettingsvermoë maak ons trots! 'n Fantastiese spanpoging regdeur! **So lyk die uitslae as volg:**

- **o.14A:** 27–4 (wen)
- **o.14B:** 41–1 (wen)
- **o.14C:** 23–0 (wen)
- **o.14D:** 7–0 (wen)
- **o.15A:** 12–9 (wen)
- **o.15B:** 20–4 (wen)
- **o.15C:** 21–2 (wen)
- **o.15D:** 12–5 (wen)
- **o.16A:** 32–9 (wen)
- **o.16B:** 36–2 (wen)
- **o.16C:** 13–7 (wen)
- **o.17A:** 19–6 (wen)
- **Tweede span:** 21–3 (wen)
- **Eerste span:** 33–5 (wen)






























**Krugersdorp High School** - Baie geluk aan al ons spanne met 'n uitstekende vertoning teen KHS. Ons eindig die dag met tien oorwinnings en een gelykopuitslag, uitgesluit die twee vriendskaplike wedstryde wat ook plaasgevind het. **Die uitslae is soos volg:**

- **o. 14A**: 33–4 (wen)
- **o. 14B**: 34–3 (wen)
- **o. 14C**: 24–2 (wen)
- **o. 14D**: 4–4 (gelykop)
- **o. 15A**: 23–8 (wen)
- **o. 15B**: 29–8 (wen)
- **o. 16A**: 45–5 (wen)
- **o. 16B**: 26–1 (wen)
- **o. 17A**: 20–16 (wen)
- **Tweede span**: 20–12 (wen)
- **Eerste span**: 25–13 (wen)
  – wedstryd vroeg weens weerlig gestaak.



Netball

**Vriendskaplike wedstryde:**

- **o.15 C** vs KHS o.15 B: 10-8 (wen)
- **o.17 B** vs KHS Tweede span: 12-20 (verloor)




















# FAIRTREE NETALTOERNOOI

Ons **o.15- en Eerste netbalspanne** het die naweek van 24 tot 27 April aan die Fairtree toernooi by Hoërskool Menlopark deelgeneem. Ons dogters het uitstekend gevaar en groot veggees getoon.
**Hiermee die o.15-span se uitslae:**

- vs Dr Malan: **wen** 14–6
- vs Ben Vorster: verloor 12–15
- vs Upington: **wen** 25–12
- vs EG Jansen: **wen** 25–6
- vs Noordheuwel: verloor 18–20
- vs Hugenote: **wen** 23–11
- vs Eldoraigne: verloor 14–17
- Die span eindig **vierde** in hul groep en dring deur om vir posisies vyf tot agt (uit 16 skole) mee te ding.
- **Semi-finaal:** vs Fichardtpark – **wen** 17–16
- **Finaal** (posisie vyf en ses): vs Dinamika – verloor 13–29

Eindposisie: **sesde**







## SPELER VAN DIE WEDSTRYD













## Hiermee die Eerste span se uitslae:

- vs EG Jansen: verloor 25–27
- vs Upington: **wen** 18–17
- vs Ben Vorster: **wen** 25–24
- vs Hugenote: verloor 22–28
- vs Dr Malan: **wen** 23–17
- vs Noordheuwel: verloor 8–16
- vs Eldoraigne: verloor 19–24
- Die span eindig sesde in hul groep en speel vir posisies nege tot twaalf (uit 16 skole).
- **Semi-finaal:** vs Menlopark – verloor 26–29
- **Finaal** (posisie 11 & 12): vs Potch Volkies – verloor 17-26
- Eindposisie: 12de






# RUGBY

**Bergsig sportfees en rugby B-spannetoernooi Centurion -25 April tot 27 April 2026 -** Randburg se rugbyspanne het oor die naweek aan verskeie toernooie deelgeneem en teen sterk kompetisie waardevolle wedstrydondervinding opgedoen. **Die uitslae is soos volg:**

**Bergsig-toernooi**
**o.14A**
- Randburg 22 – Affies Geel 19
- Randburg 78 – Monnas Swart 7

**Menlo-toernooi**
**o.15A**
- Randburg 10 – Merensky 19
- Randburg 46 – Rob Ferreira 12

**Eerste span**
- Randburg 14 – Ligbron 33
- Randburg 12 – Ben Vorster 50


**Centurion B-span toernooi**
**o.14B**
- Randburg 0 – Zwartkop 34
- Randburg 12 – Secunda 10

**o.15B**
- Randburg 0 – Waterkloof 55
- Randburg 21 – Centurion 19

**o.16B**
- Randburg 10 – Secunda 22
- Randburg 0 – EG Jansen 57



**Tweede span (XV)**
- Randburg 0 – Secunda 43
- Randburg 33 – Zayo Academy 27






Well done!

**Randburg rugbyspanne** het op 2 Mei teen Hoërskool Brits kragte gemeet – en dit was 'n indrukwekkende vertoning van ons manne! **Die resultate is soos volg:**

**o.14 A:** Wen 71 – 5
**o.15 A:** Wen 53 – 3
**o.16 A:** Wen 15 – 7
**Tweede span:** Wen 26 – 5
**Eerste span:** Verloor 24 – 14



## SKAAK

**Ons junior en senior skaakspan** het op 28 April by Delta Park School aan 'n ligawedstryd wat as uitdunrondtes vir die Gauteng Top Skole Kampioenskappe dien, deelgeneem.

**Albei spanne het gewen. Baie geluk!**






Randburg se skaakspan het aan twee ligawedstryde deelgeneem. Die eerste wedstryd het op 5 Mei teen Trinity House Randpark Ridge se junior en senior spanne plaasgevind. Die volgende wedstryd was op 6 Mei teen Linden Pinnacle College se senior span. Baie dankie aan al ons skaakspelers vir julle toewyding en harde werk. Julle hou ons skool se naam hoog en maak ons trots.



Ons skool se skaakspan het op 9 Mei aan die **aanlyn *Alex Forbes Battle Boards* skaaktoernooi** deelgeneem. Ons span het in die rekenaarlokaal bymekaargekom en vier rondtes teen ander skole gespeel. Ons het in die uitkloprondtes uitgeval, maar ons het die ondervinding baie geniet.










## HOKKIE

Ons hokkiedogters het op 28 tot 29 April 2026 teen die sterk spanne van Hoërskool Transvalia gespeel. Al ons spanne het hard geveg en goeie karakter getoon, maar Transvalia het uiteindelik die meeste van die wedstryde gewen. Baie geluk aan ons o. 15-dogters wat 'n **uitstekende 4–0 oorwinning** behaal het! Ons is ongelooflik trots op julle.



## FAIRTREE HOKKIETOERNOOI

Dit was 'n baie goed georganiseerde toernooi waaruit ons seuns en dogters groot waarde geput het. Ons **seunspan** het uitstekend gevaar en slegs een wedstryd verloor om algeheel vyfde te eindig. Ons **dogterspan** het, ten spyte van verskeie beserings, sterk karakter teen baie goeie opposisie getoon. Teen die einde van die toernooi het hulle weer hul ritme begin vind en is gereed om die week sterk liga-teenstand aan te pak.



## SEUNS

- **Wen** 7–0 teen Hoërskool Hugenote
- Verloor 1–3 teen Hoërskool Nelspruit
- **Wen** 5–3 teen Hoërskool Tygerberg
- **Wen** 4–0 teen Hoërskool Dr Malan
- **Wen** 2–0 teen Hoërskool Fichardtpark
- Eindig **vyfde** in die toernooi.

**Graeme Kitching** word ook vir **drie** wedstryde in 'n ry as speler van die wedstryd aangewys. **Nicholas le Grange** is vir die laaste wedstryd as speler van die wedstryd aangekondig.

## DOGTERS

- Verloor 0–2 teen Hoërskool Nelspruit
- Verloor 0–1 teen Hoërskool Hugenote
- Verloor 1–2 teen Hoërskool Tygerberg
- Verloor 0–1 teen Hoërskool Fichardtpark
- **Wen** 6–0 teen Hoërskool Overvaal
- Eindig **15de** in die toernooi

Baie geluk aan **Jenica Pottas, Giselle Engelbrecht, Jessica Hechter, Roxy Barnard** wat as speler van hulle onderskeie wedstryde tydens die toernooi aangewys is.





Randburg se hokkiespanne het teen Parktown Girls met die volgende **uitslae** te staan gekom:

✶ 14B **wen** 3–0 ✶ 14A **wen** 4–0 ✶ 15B **wen** 1–0 ✶ 15A **speel** gelykop 0–0
✶ 16A **wen** 2–0 ✶ Tweedes verloor 0–2 ✶ Eerstes verloor 0–1



# OUD-RANDJIES PRESTEER

Twee oud-Randjies skitter op die atletiekbaan! By die *Simbine Classic World Continental* het twee van ons eie uitstekende prestasies gelewer. **Carina Viljoen** het 'n bronsmedalje losgehardloop in die 1500 m (04:17.02), terwyl **Kayla La Grange** saam met haar span in die 4x100 m-aflos (43.83) goud gewen het. Dit is inspirerend om te sien hoe oud-Randjies hul merk op die internasionale verhoog maak. Hou so aan – ons is trots op julle!






Dit is weer tyd vir die Randburg Masters!

Wie gaan hierdie jaar die gesogte Blou Baadjie dra?

Skryf jou vierbal vandag nog in deur die volgende skakel te voltooi:

https://bit.ly/Gholfdag

Vir meer inligting, stuur gerus 'n e-pos na:

gholfdag@hsrandburg.co.za





# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**








coolideas
YOUR FIBRE GUY




EASY HOME SECURITY FIXES
that make a big difference
FIDELITY SERVICES GROUP
ADT
Improve outdoor lighting
Well-lit entrances, driveways, and pathways act as a strong deterrent
Secure doors and windows
Install quality locks on all gates, reinforced doors, and burglar bars where necessary. Sliding doors should have anti-lift brackets and secure locking systems to prevent forced access
Trim overgrown shrubs and trees
Keep plants trimmed near windows, doors, and perimeter walls to eliminate hiding spots and improve visibility. Trees that provide easy access over walls or fences should be cut back
Update your security company and test your system
Your armed response provider should always have your current contact details to avoid delays in an emergency
Use smart security solutions
CCTV cameras, outdoor beams, and alarm sensors allow homeowners to monitor activity remotely and respond quickly to potential threats
Create the illusion that someone is home
Use timers for lights when you're away and ask a neighbour or friend to collect your mail
Get to know your neighbours
Strong community relationships are a powerful crime deterrent. When neighbours look out for one another, suspicious activity is more likely to be spotted and reported quickly
Think like a criminal
Stand outside your gate and assess how easy it would be to access your property. Are there open windows, broken locks, or unsecured entry points?
Talk to your loved ones
Personal safety should be an ongoing conversation. Make sure everyone in the household understands basic safety habits and knows how to respond in an emergency.
ADTsa
@FidelityADT
www.adt.co.za
www.fidelity-services.com
JHB: 086 1212 400 /PTA: 086 1212 500


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
Conditioning & weight loss
High performance training
Fitness assessment
Body composition
Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg


CEDAR SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
Google rating
4.7
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


Wiskunde en
WETENSKAP
HULPBRONNE
Flitskaarte (Definisies, Verbindings en lone)
Teorieboek
Vraestelle
MATH
Alles wat jy nodig het om 'n SUKSES van jou studies te maak!
Teen 'n Koste van:
R370!!
www.wenwetenskap.co.za


Granny B's B&B
Come for Biscuits, stay for Belly Rubs
079 043 7234
Big private garden
Reliable care
Individual attention
Nose-tastic snuggles
No other dogs, just yours
Yummy company
Lots of belly rubs and biscuits
R100 per night
R100 long walk 5km
R50 short walk 2km
Price is per dog
Bring own food And leashes
In the Randburg area


WE PROVIDE THE
BEST AVAILABLE
SOLUTIONS FOR YOUR
SKINCARE
ONE Micro-Needling Collagen treatment
ONE Pro-Active Facial treatment
ONE Skin Renewal Peel treatment
3 Month
Treatment
Plan Package
R640 per Month
079 514 7087
wellness@corinneprins.co.za


Dermaplaning
R798 per treatment alone.
R400 if adding on to any Skin Resurfacing treatment.
Corinne Prins Wellness / wellness@corinneprins.co.za / 079 514 7087


CORINNE PRINS PHOTOGRAPHY
STUDIO & LIFESTYLE SHOOTS
Mothersday Special
Gift Voucher available
Family Studio shoot
(Set up from May - June 2026)
Location: Northcliff/Fairland, JHB.
UP TO 6 FAMILY MEMBERS
(ADDITIONAL FAMILY MEMBERS ARE R150 P.P)
20-30 min session
30-40 digital images
R1000
Suggested color scheme:
photography@corinneprins.co.za / 079 514 7087


MATRIC FAREWELL
2026 PACKAGE
R1350
PHOTO PACKAGE INCLUDES:
45 MINUTES
60 EDITED IMAGES
DELIVERED VIA ONLINE GALLERY
photography@corinneprins.co.za / 079 514 7087

# MEI 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| | | | | **Werkersdag** | Rugby vs Brits (w) | Tafeltennis – Danie v Zyl gemeenskapssentrum |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| **Toets 6**<br>Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>A Capella oefening<br>Mej Randburg oefening 18:00-20:00 | **GR 12 RTT Prakties 06:30**<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>Koor oefening<br>Netheidskontrole<br>Fietsry Kaptein aand Lynwood Cyclelab<br>Skaak vs Trinityhouse Randpark Ridge (t)<br>Mej Randburg oefening 15:30-17:30 | **Toets 7**<br>Dogtershokkie vs Fourways<br>Seunshokkie vs Redhill<br>Robotika 14:00<br>Mnr & Mej Randburg kleedrep 15:00-22:00<br>Skaak vs Pinnacle College Linden (t)<br>Bloedskenk in Saal | **Mnr & Mej Randburg Atrium** | Gr 10 Geo uitstappie<br>RNA<br>Landloop: Liga 3<br>Skiet EGOLI Ope | **Koor: Noordheuwel Koorfees**<br>Rugby vs Wagpos (t)<br>SANESA Gauteng 3<br>Fietsry Byeenkoms 1<br>Skiet EGOLI Ope<br>Skaak: Alex Forbes uitdunne (aanlyn) | SANESA Gauteng 3 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| **Toets 8**<br>Admaths Eksamen LO Saal<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Landloop: Liga 4<br>A Capella oefening<br>Tienertoneel interne optrede | **Gr 12 FW Prakties**<br>Koor oefening<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>**ATKV Applous – Skoolsaal**<br>Skaak vs Rooseveld High School (w)<br>Gr 11 Toerisme Uitstappie Hartebeespoort | **Gr 10 Rek opdrag (Skoolsas 06:30)**<br>Robotika 14:00<br>Gr 11 Geo uitstappie | **Toets 9**<br>Netbal: JOMO vs Northcliff (w)<br>Tienertoneel interne optrede | Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Landloop: Liga 5<br>Landloop: Menlo Aflos | **HSRB Ma en dogteroggend**<br>Rugby vs Fochville (w)<br>Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Skiet SAARA OVL<br>Skaak: Cluster Individuele Finale rondte | Seunshokkie Aitken & Bodem<br>Skiet SAARA OVL |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| Admaths Gr 8-12<br>**Eksamen Gr 8-11 begin**<br>Landloop: Liga 6<br>Seuns en dogtershokkie vs De La Salle (w) | | Dogtershokkie vs Dainfern<br>Derby Worshipaand Doxa Linden | Netbal: Derby vs Linden (t) | RNA<br>Dogters en Seunshokkie Derby vs Linden (t) | Rugby Derby vs Linden (t) | Visvang |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |
| Landloop: Span Finaal | Dogtershokkie vs Northcliff | Netbal: Playoffs<br>Rugby Derby Fonties vs Unika by Unika<br>Seunshokkie vs Northcliff (w&1) | Interdistrik netbaluitspele (t)<br>Netbal: Cluster Playoffs<br>Unika Hokkie kliniek Astro 14:00-16:00 | Seuns en Dogtershokkie – Greatz liga finaal (w)<br>Landloop: Indvidueel finaal | Rugby (loslootjie)<br>Skaak: Distrik Individuele Finale rondte | Tafeltennis Danie v Zyl gemeenskapssentrum |